

SONDAGSKOOL LES: Verstaan jou Bybel – Afdelings van die Ou Testament – Die Klein Profete Boeke

Doel van les:

- Ons kyk vandag kortliks na die Klein Profete afdeling in die Ou Testament net om bietjie beter te verstaan waaroor dit gaan. Hierdie les is aangepas uit *Ministry to Children.com*.

Ysbreker: Boek ordes: Gee vir elke groep 'n Ou Testament en Nuwe Testament kaart. Vandag kry die groepe nog vyf boeke in die Ou Testament en gee al die boeke in die Nuwe Testament. Hulle moet nou die boeke onder die twee kaarte rangskik in die regte orde. Ons gaan elke week die speletjie doen en boeke byvoeg totdat hulle al die boeke in die Bybel gekry het om te rangskik. (Indien jy sien dat die kinders sukkel of die boeke maklik onder die knie kry, kan jy of vir twee weke stilstaan by dieselfde aantal boeke, of meer boeke byvoeg wat hulle moet rangskik. Pas die speletjie aan volgens jou groep.)

Vandag gaan ons kortliks na die Klein Profete kyk.

Die vyfde afdeling in die Ou Testament is die Klein Profete. Daar is twaalf boeke in hierdie afdeling: Hoséa, Joël, Amos, Obádja, Jona, Miga, Nahum, Hábakuk, Sefánja, Haggai, Sagaría en Maleági.

Soos ons verlede week gesels het, word hierdie boeke na verwys as die Klein Profete boeke oor hulle lengte. Die boodskap van die Klein Profete is nie minder belangrik as die Groot Profete nie, die boeke is net korter. Hulle is ook geskryf vir dieselfde redes as die Groot Profete boeke.

Die profete praat van tye wat gaan kom van God se oordeel, verlossing en algehele toekomstige vernietiging van sonde. (Deur Jesus se onskuldige opoffering)

Profete is mense wat God se boodskap spreek vir nou of vir die toekoms.

Groepwerk: Gee vir elke groep die uitdeelstukke oor die Klein Profete boeke. Gee kans dat hulle die uitdeelstukke voltooi.


Kry terugvoering van die groepe nadat als voltooi is.

Videosnit: Die Profete van the Bible Project - https://www.youtube.com/watch?v=edcqUu_BtNO

Sluit af met gebed in groepe.

Pas die name van die twaalf profete in die legkaart in.

Klein Profete



PROFETE

HOSEA

JOEL

AMOS

OBADJA

JONA

MIGA

NAHUM

HABAKUK

SEFANJA

HAGGAI

SAGARIA

MALEAGI

Ontmoet van die profete:

Ontskommel elke profeet se naam en lees wat hy gesê of gedoen het.

MOAS _____

Hy was 'n boer en skaapwagter toe God hom geroep het as profeet om God se boodskap te spreek.

IGAM _____

Hy het geprofeteer dat Jesus gebore sou word in Betlehem.

ASHEO _____

Hy het liefde vir sy vrou gewys selfs nadat sy weggehardloop het van die huis af. Dit is 'n beeld van hoe lief God ons het, selfs wanneer ons sondig.

NAOJ _____

God het hom beveel om na Nineve te gaan en te preek vir die mense daar. Hy wou nie en het op 'n skip geklim wat in 'n ander rigting gaan. Nadat 'n groot vis hom ingesluk het, het hy vir God jammer gesê en toe wel Nineve toe gegaan. Daar was 'n groot bekering in die stad van Ninevé.

Ou Testament Afdelings hersien oefening

Noudat ons die organisasie van die Ou Testament in meer detail deurgegaan het, hoop ek dat dit meer sin vir julle maak en dat julle beter kan sien en verstaan hoe dit als na Jesus wys. Die Ou Testament bestaan uit verskillende afdelings wat God se almag, heiligheid en Sy plan vir die verlossing van die mensdom deur Jesus wys.

Ons begin volgende week dan kyk na die organisasie van die Nuwe Testament kyk. Voordat ons daar kom, gaan ek weer die Ou Testament afdelings uitdeel en kom ons kyk hoe julle hierdie keer vaar.

Elke groep kry nou weer die Ou Testament boeke wat nie in volgorde is nie, asook die Ou Testament afdelings uitdeelstuk om te voltooi.

Ontmoet van die profete: Antwoorde

Ontskommel elke profeet se naam en lees wat hy gesê of gedoen het.

Amos

Hy was 'n boer en skaapwagter toe God hom geroep het as profeet om God se boodskap te spreek.

Miga

Hy het geprofeteer dat Jesus gebore sou word in Betlehem.

Hosea

Hy het liefde vir sy vrou gewys selfs nadat sy weggehardloop het van die huis af. Dit is 'n beeld van hoe lief God ons het, selfs wanneer ons sondig.

Jona

God het hom beveel om na Nineve te gaan en te preek vir die mense daar. Hy wou nie en het op 'n skip geklim wat in 'n ander rigting gaan. Nadat 'n groot vis hom ingesluk het, het hy vir God jammer gesê en toe wel Nineve toe gegaan. Daar was 'n groot bekering in die stad van Ninevé.

BOEKE VAN DIE BYBEL SPELETJIE:

OU TESTAMENT

NUWE TESTAMENT

Genesis

Levitikus

Deuteronomium

Rigters

1 Samuel

1 Konings

1 Kronieke

Esra

Ester

Psalms

Eksodus

Numeri

Josua

Rut

2 Samuel

2 Konings

2 Kronieke

Nehemia

Job

Spreuke

Prediker

Hooglied

Jesaja

Jeremia

Klaagliedere van Jeremia

Matteus

Markus

Lukas

Johannes

Handelinge

Romeine

1 Korintiërs

2 Korintiërs

Galasiërs

Efesiërs

Filippense

Kolessense

1 Tessalonisense

2 Tessalonisense

1 Timoteus

2 Timoteus

Titus

Filemon

Hebreërs

Jakobus

1 Petrus

2 Petrus

1 Johannes

2 Johannes

3 Johannes

Judas

Openbaring